Humanisme

Ons lewe vandag in ’n wêreld waarin dít wat gewone mense wil hê, belangrik is. Ons stem byvoorbeeld vir ons leiers en ons het allerhande regte wat nie deur die regering weggevat mag word nie. Dit was egter nie altyd so nie! Trouens, vir eeue lank was gewone mense se behoeftes glad nie belangrik nie.

Dit was veral só gedurende die Middeleeue, vanaf 476 tot ongeveer die 14de eeu. Gewone mense se regte, benodigdhede en doelwitte is geïgnoreer en almal moes hul lewe **wy** aan die regte, benodigdhede en doelwitte van hul godsdienstige of politieke leiers.

In die 14de eeu het daar egter in Europa ’n beweging ontstaan wat vandag as **humanisme** bekendstaan. Die humaniste het vir die eerste keer in ’n lang tyd die lewe van gewone mense die middelpunt van alles gemaak.

Soorte humanisme

Die term “humanisme” kan na twee goed verwys:

- Renaissance-humanisme, met ander woorde die idees wat met die **Renaissance** van die laat 14de en 15de eeu saamgeloop het
- Die humanistiese beweging van vandag, waarin mense streef om ’n niegelowige, maar **etiese** lewe te lei.

In hierdie artikel word die klem op die Renaissance-humanisme geplaas. Die beweging van vandag word aan die einde van die artikel **vlugtig** bespreek.

Waar kom die term vandaan en wat beteken dit?

Die term humanisme is vir die eerste keer in die 19de eeu deur Duitse **filosowe** gebruik. Dit verwys na mense wat diep dink oor watter **deugde** ‘n mens moet

uitleef om ’n gebalanseerde, aktiewe lewe te lei. Om dit eenvoudig te stel: aksie sonder insig is as doelloos en barbaars beskou, en insig sonder aksie is verwerp as vrugteloos en onvolmaak.

Goeie deugde sluit byvoorbeeld gewone dinge soos **begrip**, **welwillendheid**, **deernis** en **barmhartigheid** in. Dit sluit egter ook meer selfgeldende eienskappe soos **standvastigheid**, **oordeel**, **omsigtigheid**, **welsprekendheid** en **eerbaarheid** in. [1]

Wat was die oorsprong van Renaissance-humanisme?

Gedurende die Middeleeue in Europa het die lewe van mense van geslag tot geslag baie min verander. Mense het geglo dat die manier hoe hul ouers, grootouers en al hul voorgeslagte gelewe het, die enigste manier van lewe was, en dat hul kinders ook só sou leef.

In die 14de eeu in Italië het skoliere (nie skoolkinders soos vandag nie, maar studente en filosowe) begin om geskrifte uit die **Klassieke tyd** – die tydperk van antieke Griekeland en die Romeinse Ryk – te ontdek. Hierdie geskrifte het bewys dat die lewe in die Klassieke tyd heeltemal anders as die lewe in Middeleeuse Europa was.

Soos wat hulle die antieke geskrifte – **filosofiese tekste**, **poësie** en **drama** – gelees het, het hierdie eerste humaniste begin streef om eerder soos die mense in die Klassieke tye te leef. Die geskrifte het dit laat klink soos ’n tyd van vooruitgang en geluk, vol deugsame mense en grootse dade. Daarteenoor was die Middeleeue ’n tyd van stilstand waarin daar bykans niks gebeur het nie. [2]

Daar word gewoonlik gepraat van drie stigters van humanisme:

- Dante Alighieri (1265-1321), Italiaanse **dramaturg**, skrywer van die beroemde drama *La Divina Comedia* (in Afrikaans: *Die goddelike*

komedie). [3]

- Giovanni Boccaccio (1313-1375), Italiaanse skrywer en digter, skrywer van die beroemde kortverhaalboek *Decameron* (in Afrikaans: *Tien Dae*). [3]
- Die mens wat egter vandag algemeen bekend staan as die **vader** van humanisme, is die Italiaanse digter Petrarca.

Die Italiaanse dramaturg en skrywer Dante Alighieri.

Petrarca: die vader van humanisme

Francesco Petrarca (1304-1374) was die **dryfveer** van die vroeë humanisme. Teen die tyd dat Petrarca gebore is, was daar reeds mense wat Klassieke geskrifte, wat verlore of dwarsdeur Europa versprei was, probeer opspoor het. [4] Hy het besluit om sy lewe te wy aan die versameling van antieke geskrifte en om daaroor te skryf. [2]

Francesco Petrarca was die dryfveer van die vroeë humanisme.

Die Middeleeue of Donker Eeue (in Engels: *Dark Ages*) was vir Petrarca 'n tyd van **kulturele** duisternis. [3] Hy wou Europa se **kultuur** laat herleef deur 'n terugkeer na hoe mense in die Klassieke tye geleef het. [2]

Gedurende die Middeleeue was die Rooms-Katolieke Kerk die magtigste **liggaam** in Europa. Petrarca het die **korrupsie**, **uitspattigheid** en **dogma** van die kerk verwerp. [3] Hy het egter 'n Christen gebly, en het probeer om Christenskap en die Klassieke idees met mekaar te **versoen**. [4]

Die humaniste moes versigtig wees omdat almal in daardie tyd Christene was. Indien hulle Christenskap verwerp het, sou mense húlle idees verwerp het. Omdat Petrarca nie Christenskap verwerp het nie, kon sy idees vinniger versprei. [4]

Dit is egter belangrik om te onthou dat die Klassieke tyd in die tyd was vóór Jesus Christus geleef het. Deur mense aan te moedig om die Klassieke tyd te bestudeer,

het mense noodwendig ’n tydperk van nie-Christelikheid bestudeer. Dit het dus vir die eerste keer in eeue aanvaarbaar geword om niegodsdienstige onderwerpe te bestudeer. [3]

Die doel van humanisme

Die humaniste wou mense laat nadink oor hul kultuur, gemeenskap, geskiedenis en die toekoms. Hulle het geglo dat mense die wêreld kon verander of maak soos wat hulle dit wou hê. [4]

Humaniste was ook opvoeders wat mense wou leer om te dink, sodat hulle idees self kon verstaan. Dit was in teenstelling met die Rooms-Katolieke opvoeding van die tyd, wat mense gedwing het om idees te aanvaar sonder om daaroor te dink. [2]

Wie was die humaniste?

Die humaniste was ’n **uiteenlopende** groep mense, met baie verskillende idees. Die ding wat hulle in een groep **saamsnoer,** is hul liefde vir die Klassieke tyd.

Meeste humaniste het uit die **hoër klasse** gekom, hoewel daar wel humaniste was wat uit **laer klasse** gekom het. Die humaniste was inderdaad die eerste moderne Europeërs wat geglo het dat mense geleenthede gegee moes word, gebaseer op grond van verdienste en vermoëns, en nie op grond van die klas waarin hulle gebore is nie. [2]

Hoe het hulle te werk gegaan?

Soos reeds genoem, het die humaniste Klassieke tekste versamel. Dit het werke ingesluit van Klassieke skrywers soos Cicero, Lucretius, Homerus, Plato en Sophokles.

Nadat hulle die tekste opgespoor het, het hulle dit noukeurig bestudeer. Daarna het hulle die tekste vertaal en versprei. Sommige humaniste het hul eie notas en verduidelikings by geskrifte gevoeg, sodat ander dit beter kon verstaan. [2]

Sommige het die Klassieke tekste probeer **namaak**. Met ander woorde, hulle het hul eie tekste geskep deur die woordeskat en **styl** van die Klassieke tekste na te boots. [4]

Die gevolg hiervan was dat daar ’n groeiende groep denkers was wat hul kennis en liefde vir die verlede gebruik het om ’n nuwe manier van dink in die hede te versprei. Die Middeleeuse manier van dink, is vervang is met ’n nuwe, humanistiese manier van dink. [4]

Die verspreiding van humanisme

Humanisme het deur die loop van die 15de eeu deur Europa versprei.

Dit het ’n groot **hupstoot** gekry toe Konstantinopel, die hoofstad van die Oos-Romeinse Ryk, in 1453 deur die Turke oorgeneem is. Baie Griekse geleerdes in Konstantinopel het Italië toe gevlug en Klassieke tekste met hulle saamgeneem. Die geskrifte is onmiddellik vertaal en versprei en het tot ’n ontploffing van kennis gelei. [3]

Die bekendste humanis ná Petrarca was Desiderius Erasmus (c. 1469-1536), ‘n Hollandse **teoloog**. Erasmus was ’n Christen wat die kerk deur opvoeding wou hervorm. Soos Petrarca het hy Klassieke geskrifte met **notas** daarby uitgegee. Hy het ook nuwe vertalings van die Nuwe Testament laat uitgee. Sy werk was uiters invloedryk en het ander geïnspireer om hom na te volg. [3]

Teen 1500 was humanisme die **standaard** manier van opvoeding onder die hoër klasse in Europa en dit het onder die laer klasse begin versprei. Die **drukpers**, wat teen die einde van die 15de eeu algemeen in gebruik was, het ’n reuse-invloed hierop gehad. Boeke was goedkoper en baie meer **talryk**, en **geletterdheid** het skerp toegeneem. [4]

‘n Illustrasie van Konstantinopel.

Die einde van Renaissance-humanisme

Humanisme was ’n wye veld wat alles in die wêreld wat ’n invloed op mense gehad het, wou bestudeer, insluitende wetenskap, kuns, geskiedenis, **letterkunde**, taalkunde, filosofie en **teologie**, om maar net ’n paar te noem. Omtrent alle denkers in die middel van die 16de eeu was humaniste.

Soos wat die kennis in die verskillende **velde** egter toegeneem het, het mense in een veld begin **spesialiseer**. As gevolg hiervan, het die velde van mekaar af weggedryf. [3]

Daar het ook **konflik** tussen verskillende groepe onstaan, byvoorbeeld tussen:

- gelowiges en niegelowiges;
- **monargiste**, wat die koningshuise wou behou, en **republikeine**, wat van koningshuise wou ontslae raak;
- mense wat slegs oor idees wou dink, en dié wat hul idees in aksies wou oorsit; en
- maniere om die idees in aksie oor te sit.

Europa was boonop in die 16de eeu in ’n reeks oorloë betrokke. [4] Om hierdie redes het humanisme tot ’n einde gekom.

Belangrikste idees wat die humaniste versprei het

Humaniste wou die volgende vrae beantwoord:

- Wat beteken dit om ’n mens te wees?
- Wat is die deugde wat van iemand ’n goeie mens maak?
- Hoe kan ‘n mens ’n positiewe bydrae in jou gemeenskap maak? [3]

Die skrywers, digters en kunstenaars van die humanisme het geglo hulle kon die mensdom na ’n beter manier van lewe lei. [3] Elke liewe mens was belangrik en het verdien om waardig behandel te word. Deur mense met kennis en vaardighede te **bewapen**, kon mense self besluit wat is goed en sleg, en hulle kon dan daarvolgens optree. [2]

Die sentrale idees van humanisme is die studie van Klassieke tekste, godsdiens, opvoeding, wetenskap en kunste.

Studie van Klassieke tekste

Klassieke tekste is om twee redes bestudeer:

- Om mense meer welsprekend te maak, oftewel, te leer hoe belangrik goeie taalgebruik in kommunikasie is. Hoe meer welsprekend jy was, hoe meer oortuigend was jy, en jy kon dus op daardie manier mense na die regte deugde toe lei. [1]
- Die Klassieke tekste het voorbeelde gegee van hoe mense ’n **vrome** en **onberispelike** lewe kon lei sonder om **blindelings** ’n godsdienstige plan te volg. [4]

Godsdiens

Die humaniste se idees het hulle in konflik met die Rooms-Katolieke Kerk gebring. Die idee dat jy vir jouself moes dink, was ’n uitdaging vir die Kerk, wat wou gehad het dat mense dit wat húlle **gepredik** het, moes aanvaar. [3]

Die Renaissance-humaniste was egter nie **ateïste** nie. Petrarca, Erasmus en Thomas More (1478-1535), die Engelse humanis en staatsman, wou geloof hervorm, nie vernietig nie. [3] Hulle het geglo dat God aan mense vrye keuses gegee het en dat mense die beste daarvan moes maak. [4] Daar was wel humaniste wat heeltemal teen godsdiens gekant was, maar dit was dekades later.

Die Engelse humanis en staatsman Thomas More.

Daar was ook Bybelse humaniste wat die Bybel **krities** wou bestudeer om dit beter te verstaan, nie om dit te verwerp nie. [4]

Humanistiese opvoeding

Die humaniste het **ontsaglike** respek vir opvoeding gehad. Hulle was streng gekant teen die skolastiese skool, ’n styl van leer in die 12de en 13de eeu wat mense geleer het daar sekere goed was wat onbetwyfelbaar was. [5]

’n Standaard humanistiese opvoeding het die studie van **redenaarskuns**, filosofie, taalkunde, letterkunde en geskiedenis ingesluit, asook fisieke opvoeding. Die doel van hierdie opvoeding was om seker te maak dat mense hul eie **potensiaal** kon bereik en goeie landsburgers word. [3]

Erasmus was die groot **kampvegter** vir opvoeding. Hy het boeke geskryf oor onderwerpe soos:

- hoe om te redeneer;
- hoe om ’n beter skrywer te wees;
- hoe om jou eie werk te hersien;
- hoe om handboeke te skryf; en
- hoe om skole op te rig, en wat skole vir studente moes leer. [3]

Desiderius Erasmus was ‘n groot kampvegter vir opvoeding.

Wetenskap

Humanisme het op twee maniere ’n groot **impak** op wetenskap gehad:

- Dit het ’n honger vir antwoorde oor hoekom dinge werk soos hulle werk, opgewek.
- Dit het aan mense die geloof gegee dat die antwoorde deur menslike

vermoë gevind kon word. [3]

Wetenskap het in hierdie tyd vir die eerste keer in eeue vordering gemaak. Nicolaus Copernicus (1473-1543), die Poolse **sterrekundige**, het byvoorbeeld in sy beroemde werk *Oor die omwentelinge van hemelse sfere* (in Latyns: *De revolutionibus orbium coelestium*) vir die eerste keer in die moderne tyd geskryf dat ons sonnestelsel **heliosentries** was. [3]

Die Poolse sterrekundige Nicolaus Copernicus.

Kunste

Humanisme het die kunste só beïnvloed:

- Deur die invloed van klassieke **mitologie**, en die versoening van Christelike en klassieke idees. In die beroemde Renaissance-kunswerk *Die geboorte van Venus* deur Sandro Botticelli, beeld die Romeinse godin Venus die maagd Maria van die Bybel uit. [3]
- Die menslike liggaam is weer gesien as iets om op trots te wees en nie iets om weg te steek nie. Renaissance-kunstenaars het die menslike liggaam gevier deur dit **akkuraat** en in detail uit te beeld. Die beroemdste voorbeeld hiervan is Michelangelo se *Dawid*-beeld. [2]
- Skrywers soos William Shakespeare het beroemde mense uit die Klassieke tyd in hul skryfwerk uitgebeeld, soos Julius Caesar in die toneelstuk met dieselfde naam. [3]

William Shakespeare het beroemde mense uit die Klassieke tyd in sy skryfwerk uitgebeeld.

Nalatenskap

Daar het in Europa ’n **internasionale** netwerk ontstaan van skoliere wat idees met mekaar gedeel het. Dit het idees vinniger laat versprei. Biblioteke is vir die eerste keer in eeue opgerig en aan gewone mense oopgestel.

Humanisme het opvoeding **hervorm** en nuwe idees oor kuns en wetenskap geskep. Daardie vakke wat die humaniste studeer het, is steeds vandag met ons en word wêreldwyd by universiteite bestudeer. [3]

Renaissance-humanisme het die Europese denke en kultuur só diep beïnvloed dat dit tot vandag toe die manier hoe ons wêreld lyk, oorheers. [4] Die belangrikheid van die **individu** en **individuele** mense se regte is ’n direkte uitvloeisel van humanisme. [2]

Moderne humanisme

Die humanisme van vandag is ’n niegodsdienstige beweging, met ander woorde dis mense wat nie in die bestaan van God of enige ander bonatuurlike wesens glo nie. [6] Humaniste se filosofie is dat ’n mens ’n etiese lewe, ten goede van die gemeenskap, kan lei sonder die invloed van ’n god. [7]

Moderne humanisme het vyf kernidees:

- Soos alles anders het die mens deur **evolusie** ontwikkel.
- Alles in die wêreld kan deur wetenskap verklaar word.
- Mense het net een lewe en moet die meeste daarvan maak. Omdat daar nie ’n groter betekenis aan die lewe is nie, moet mense hul eie lewe sinvol maak.
- Mense se vermoë om ’n etiese en **morele** lewe te lei, lê binne hulself, en het ontstaan deur evolusie. Wanneer mense moet besluit hoe om op te tree, moet hulle dink aan die gevolge van hul aksies en die impak daarvan op ander mense en diere.
- Die enigste ding wat die wêreld ’n beter plek kan maak, is mense. Daarom moet mense streef na en hulle beywer vir gelykheid en menseregte. Die mensdom se vordering moet gevier word, maar met die wete dat daar nog baie werk is wat gedoen moet word. [8]

Woordbank

akkuraat	Presies; korrek; noukeurig; sonder enige foute.
ateïste	Iemand wat nie in die bestaan van God glo nie.
barmhartigheid	Medelydend, ontfermend, simpatiek, goedhartig, mensliewend, hulpvaardig, behulpsaam, dienswillig, empaties.
begrip	Dit wat ons verstaan.
bewapen	Van wapens voorsien.
blindelings	Sonder ondersoek of nadenke.
deernis	Om meegevoel met ander mense te hê.
deug	Goeie eienskap.
deugde	Om baie deugde te hê.
dogma	Wanneer jy in goed glo wat nie bevraagteken mag word nie.
drama	Toneelspel. Direkte voorstelling deur handeling, dialoog, mimiek en gebare van menslike gebeure; gebeurtenis met dramatiese elemente.
dramaturg	Iemand wat dramas en toneelstukke skryf.
drukpers	Masjien wat gebruik word om afdrukke op papier of karton te maak.
dryfveer	Die oorsaak/rede wat iemand iets laat doen.
eerbaarheid	Eerlik in alles wat jy doen; beginselvas.
etiese	Om volgens goeie, innerlike lewensbeginsels te dink en te doen.
evolusie	Die manier hoe alles ontwikkel het uit vroeëre vorms oor miljarde jare.
filosofiese	Wysgerig, diepsinnig/diepdenkend, geleerd, belese, skerpsinnig, lewensbeskouend.
filosowe	Mense wat soek na wysheid, kennis, en die wette van die wêreld.

geletterdheid	Om te kan lees en skryf.
genade	Om mense te vergewe, selfs al verdien hulle dit nie.
gepredik	Iets verkondig in verband met godsdiens; preek.
heliosentries	Die idee dat die son die middelpunt van ons sonnestelsel is.
hervorm	Opnuut/anders vorm; ’n gewysigde vorm gee; reorganiseer.
hoër klasse	Die elite; groep mense wat baie mag en invloed het omdat hul baie geld, kennis of spesiale vaardighede het.
hupstoot	As iets jou help om vinnig te groei of sukses te behaal.
impak	Uitwerking, invloed.
individu	Mens, persoon, enkeling.
individuele	Enkel, afsonderlik.
internasionale	Iets wat oor baie lande strek.
kampvegter	Iemand wat veg vir iets.
Klassieke tyd	Die tyd van antieke Griekeland en Rome.
konflik	Stryd/botsing/rusie tussen mense/groepe/partye/lande.
korrupsie	Om op ’n oneerlike manier jou mag gebruik om jouself ryk of magtig te maak.
krities	Om die goeie en slegte dele van iets te ondersoek.
kulturele	Wat te doen het met kultuur, soos drama, letterkunde, musiek, kuns.
kultuur	Dit is al die lewenswyses insluitend kunste, oortuigings en instellings van ’n bevolking wat van geslag tot geslag oorgedra word.
laer klasse	Mense uit die werkersklas, ondergeskik; dikwels ’n benadeelde groep mense.
liggaam	Vereniging van persone; vennootskap; instelling.
letterkunde	Geskrewe kunswerke, soos boeke en poësie.
mitologie	’n Versameling stories of mites oor ’n geloof.
monargiste	Mense wat voorstanders is van ’n regering met ’n koningshuis.

morele	Wat betrekking het op die gevoel vir wat goed en reg is; sedelik, deugsaam.
namaak	Om iets te maak wat soos iets anders is.
notas	Aantekeninge.
omsigtigheid	Om versigtig en bedagsaam op te tree.
onberispelike	Om korrek en sonder foute op te tree.
ontsaglike	Vreeslike groot.
oordeel	Mening, opinie, sienswyse.
poësie	Die werke van digters of ’n versameling gedigte.
potensiaal	Die natuurlike vermoë of eienskappe wat nodig is om in die toekoms tot ‘n bepaalde soort mens/ding te ontwikkel; om uiteindelik suksesvol te wees.
redenaarskuns	Die vermoë om ’n goeie toespraak te lewer.
Renaissance	Herlewing van die kuns en letterkunde in Europa onder invloed van hernieude studie van die klassieke oudheid, omstreeks 1450 in Italië begin.
republikeine	Mense wat voorstanders is van ’n regering waar die mag in die hande van mense is wat verkies word.
saamsnoer	In iets tot ’n eenheid te verenig.
spesialiseer	Om belangstelling en vaardighede in een studiegebied te hê.
standaard	Die normale manier van iets doen.
standvastigheid	Om by jou standpunt/mening oor ’n saak te bly staan en dit nie te verander nie.
sterrekundige	Iemand wat die buitenste ruim (hemelruim) bestudeer.
styl	Die manier hoe iets gedoen word.
talryk	As daar baie van iets is.
tekste	Skryfwerk, geskrifte.
teologie	Bestudering van godsdiens en geloofsoortuigings; godgeleerdheid.
teoloog	Iemand wat geleerd is in sake oor God en godsdiens.

uiteenlopende	Diverse, ongelyksoortige.
uitspattigheid	Om spandabelrig en oordadig te lewe.
vader	Die stigter.
velde	Navorsingsgebiede.
versoen	Om twee dinge wat in konflik is met mekaar, te laat saamstem.
vlugtig	Kortliks, nie in detail nie.
vrome	Onskuldig, sonder bedrog/kwaad.
welsprekendheid	Om jouself goed te kan verwoord; om goed te kan redeneer.
welwillendheid	Goedgesind; vriendelik; tegemoetkomend.
wy	Om al jou aandag om een ding te fokus.

Lees dié artikels oor humanisme

- **Feite oor humanisme**
- **Die Renaissance**
- **Wie was Desiderius Erasmus?**

Kyk dié video's om meer te wete te kom

Hoekom het humanisme ontwikkel?

Denkers van Renaissance-humanisme

Hoekom het die Renaissance in Italië begin?